BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG. PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Maandag, 20 Februarie 1950. WINDHOEK Monday, 20th February, 1950. No. 1485.

## INHOUD

Bladsy.

PROKLAMASIE—

No. 19 (Unie). Verbod op die Uitvoer van Beril of enige Berillium-ertse . . . . . . 144

GOEWERMENTSKENNISGEWING—

No. 305 (Unie). Aansoeke om Permitte vir die Uitvoer van Beril of Berillium-ertse . . . . 145

## CONTENTS

Page

PROCLAMATION—

No. 19 (Union). Prohibition on Export of Beryl or Beryllium Ores . . . . . . . . 144

GOVERNMENT NOTICE—

No. 305 (Union). Applications for Permits to Export Beryl or Ores of Beryllium . . . . 145

## PROKLAMASIE

### VAN SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELE GIDEON BRAND VAN ZYL, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 19, 1950 (Unie).]

Nademaal beril en ander ertse van berillium beperkte materiaal vir die toepassing van die Wet op Atoomkrag, 1948 (Wet No. 35 van 1948), is;

En nademaal die Goewerneur-generaal, ingevolge die bepalings van paragraaf (b) van artikel *nege-en-twintig* van genoemde Wet, indien hy dit in die openbare belang ag, enigiemand kan verbied om beperkte materiaal uit te voer, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die voorsitter of die adjunk-voorsitter van die Raad op Atoomkrag;

En nademaal ek dit in die openbare belang ag dat ek die uitvoer van beril en ander ertse van berillium uit die Unie of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika aldus verbied;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde paragraaf (b) van artikel *nege-en-twintig* van die Wet op Atoomkrag, 1948 (Wet No. 35 van 1948), hierby enigiemand verbied om van 'n datum veertien dae na die publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant*, beril of ander ertse van berillium uit die Unie of die Mandaatgebied Suidwes-Afrika uit te voer, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die voorsitter of die adjunk-voorsitter van die Raad op Atoomkrag.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Kaapstad, op hede die Negentiende dag van Desember Eenduisend Negehonderd-Nege-en-veertig.

G. BRAND VAN ZYL,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

T. E. DÖNGES.
M.M. 50/1/406.

## PROCLAMATION

### BY HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE GIDEON BRAND VAN ZYL, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 19, 1950 (Union).]

Whereas beryl and any other ores of beryllium are restricted material for the purpose of the Atomic Energy Act, 1948 (Act No. 35 of 1948);

And whereas in terms of the provisions of paragraph (b) of section *twenty-nine* of the said Act the Governor-General may, if he considers it in the public interest, prohibit any person from exporting any restricted material except under the authority of a permit issued by the chairman or the deputy-chairman of the Atomic Energy Board;

And whereas I consider it in the public interests so to prohibit the export of beryl and any other ores of beryllium from the Union or the Mandated Territory of South West Africa;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by the said paragraph (b) of section *twenty-nine* of the Atomic Energy Act, 1948 (Act No. 35 of 1948), I do hereby prohibit, as from a date fourteen days after the publication of this proclamation in the *Government Gazette*, any person from exporting any beryl or any other ores of beryllium from the Union or the Mandated Territory of South West Africa except under the authority of a permit issued by the chairman or the deputy-chairman of the Atomic Energy Board.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and Great Seal at Cape Town on this Nineteenth day of December, One thousand Nine hundred and Forty-nine.

G. BRAND VAN ZYL,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

T. E. DÖNGES.
M.M. 50/1/406.

# Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Administrateurskantoor,
Windhoek.

No. 305 (Unie).] [10 Februarie 1950.

Die aandag word gevestig op Proklamasie No. 19, gepubliseer in die *Staatskoerant* van 10 Februarie 1950, waarby die uitvoer van beril of ander ertse van berillium uit die Unie en Suidwes-Afrika verbied word, uitgesonderd kragtens 'n permit uitgereik deur die voorsitter of die adjunk-voorsitter van die Raad op Atoomkrag.

Iedereen wat begerig is om sodanige permit te bekom, moet daarom aansoek doen by die Waarnemende Sekretaris, Raad op Atoomkrag, p/a Die Sekretaris van Mynwese, Standaardbankgebou, Pretoria, en moet die volgende besonderhede verstrek:—

1. Naam en adres van voornemende uitvoerder.
2. Naam en adres van produsent of produsente.
3. Naam en nommer van plaas of kleim, prospekteergebied of mineraalverhuring en die distrik waar die erts geproduseer is.
4. Berilliumoksiedgehalte van die erts, indien beskikbaar.
5. Die hoeveelheid erts wat uitgevoer sal word en die tydperk waarin hierdie hoeveelheid uitgevoer sal word.
6. Hawe van verskeping en die land van bestemming.
7. Die naam en adres van die invoerder in daardie land.

M.M. 50/1/406.

# Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 305 (Union).] [10th February, 1950

Attention is invited to Proclamation No. 19, published in the *Government Gazette* of the 10th February, 1950, whereby the export of beryl or other ores of beryllium from the Union and South West Africa is prohibited except under the authority of a permit issued by the chairman or the deputy-chairman of the Atomic Energy Board.

Any person who desires to obtain such a permit should apply therefor to the Acting Secretary, Atomic Energy Board, c/o The Secretary for Mines, Standard Bank Buildings, Pretoria, and must furnish the following particulars:—

1. The name and address of the intending exporter.
2. The name and address of the producer or producers.
3. The name and number of the farm or claim, prospecting area or mineral lease, and the district from which the ore was produced.
4. Beryllium oxide content of the ore, if available.
5. The quantity of ore to be exported, and the period during which this quantity will be exported.
6. Port of shipment and country of destination.
7. The name and address of the importer in that country.

M.M. 50/1/406.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by } John Meinert Ltd., Windhoek